
# RIDDERS UIT DIE BOSE



PRONKBOEKE

deur
Braam le Roux

TEMMERS VAN DIE WOESTYN Nº 28.

# INHOUDSOPGAAF


| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| I. | 'n Honger Reisiger | 7 |
| II. | 'n Frats van die Noodlot | 17 |
| III. | Ridders van die Bose | 26 |
| IV. | Na Geraamtekoppie | 36 |
| V. | Die Fluitende Dood | 47 |
| VI. | Flikkerende Kerse | 57 |
| VII. | Kreunende Skedels | 68 |
| VIII. | Die Wapad Sy woning | 78 |
| IX. | Die Slapende Wag | 88 |
| X. | Sonlig oor Soethunker | 98 |

## Hoofstuk I

# 'N HONGER REISIGER

DIT is 'n vreedsame stilte wat oor Soethunker hang. Dit is omstreeks nege-uur in die aand. Daar is geen enkele harde geluid nie, geen geluid wat op die vreedsame stilte inbreuk maak nie. Die geluide wat af en toe opklink, is geluide wat die stilte as 't ware verhoog, aangename geluide wat Soethunker 'n lekker hoekie maak om in te vertoef, om die stof van die woestyn af te was en te rus.

Die Grootrivier vloei ongeveer twee myl van die dorp af, maar vanaand kan mens die ruising van die groot stroom hoor waar die water oor 'n klompie los klippe in die drif spoel. In die hotel is daar stemme, stemme wat soms aan borrelende water laat dink. Af en toe lag iemand en dan rus die stilte weer hier in die hoofstraatjie—die enigste behoorlike straat op Soethunker—tussen die stil geboue wat lang skaduwees oor die aarde gooi, want die son het so pas agter die Langeberge uitgekruip.

Die jong man het van sy perd afgeklim en hy staan nou langs die dier hier in die skaduwee van die gebou waar die Jood bedags sy velle koop en wegpak vir versending na Kimberley of Upington. Die jong man luister aandagtig na die stilte, na die suising van die water in die Grootrivier, na die gelag van die mense in die hotel. Soms klink die gelag uitgelate, soms kielie dit hom hier op die krop van sy maag. Dit voel of hy wil saamlag.

Soethunker lyk vir Paultjie Combrinck so rustig. Dit is net die plek om te rus wanneer mens myle deur die woestyn getrek het. Maar Paultjie was nog nooit in 'n hotel nie. Hy weet nie hoe lyk dit daar binnekant waar die mense so bly lag nie. Hy het telkens al na die voorstoep van die hotel gemik waar die enigste olielamp aan 'n paal

flikker—die enigste buitelig in hierdie dorpie wat hier langs die rivier in die maanlig, omring deur skaduwees, koester.

Dit is verskriklik om so vreemd en eensaam te wees, en dit is hoe die jong man in die skaduwees langs sy blou perd voel. Paultjie het in drie dae tweehonderd myl afgelê, en hy weet dat sy perd moeg is, dors en honger, net soos hy. Die perd verdien 'n roskam en 'n stal en Paultjie verdien 'n bad en 'n bed en, bo alles, 'n stywe bord boerekos. Maar hoe moet hy maak? Hy is te skaam om die hotel binne te stap, en hy het ook nie geld om die kos te koop waarna sy maag verlang nie. Hy kan nie eers 'n koppie koffie koop nie. Hy het vir hom biltong en beskuit saamgebring, maar die laaste snippertjie biltong en krummeltjie beskuit het hy vanoggend vroeg al onder die skraal kameeldoring daar diep in die woestyn verorber.

Hy en sy perd, Ridder, kon maar weer in die veld onder die sterrehemel gaan slaap het, maar hy moet hier op Soethunker 'n man ontmoet. Sy ouma het hom die naam gegee. Sy het gesê dat hy Giel Westerhuys op Soethunker sal raakloop. Hy moet maar net verneem. Sy ouma het hom vertel dat Giel Westerhuys 'n ryk plaasboer is wat mense nodig het om vir hom te werk, en daarom is Paultjie hier, maar hy weet nie waar om te begin nie, hoe om te werk te gaan om met Westerhuys in verbinding te tree nie. Hier by die hotel gaan mense in en uit, en vir al wat hy weet, het Giel Westerhuys al 'n paar keer hier naby hom verbygeloop.

Die honger in sy maag maak hom dom. Dit is asof hy nie kan dink waar om te begin nie. Oumatjie het gesê :

„Toe, Paultjie, jy is al amper een-en-twintig. Jy moet jou skugterheid laat staan. Dis omlaat jy nog jou hele lewe hier in die Karoo op 'n hoop gesit en vrek het. Al wat jy doen, is jag, bokke skiet en perdry, en dan wen jy 'n paar pryse op die skyfskiet, maar skyfskiet maak nie mens se maag vol nie, en ek sien jy beland nog in die tronk as jy so wild groot word."



Dit was sy ouma en sy het hom 'n hele preek gelewer. Sy het vertel dat sy oud word en dat sy eers wil sien dat Paultjie geholpe raak. Daarom het hy die woestyn ingetrek met geen enkele pennie geld nie. Al wat hy gehad het, was Ridder, die klere wat hy aan het, sy rol komberse en sy rewolwer, en sy biltong en beskuit wat nie eens tot hier gehou het nie.

Ridder word nou onrustig. Hy kan nie so lank op een plek bly stilstaan nie. Die dier trippel rond en proes. Paultjie laat sy hand langs die dier se slank nek afgly, maar Ridder beweeg vorentoe, asof hy die jong man wil dwing om saam te beweeg. Toe Paultjie opmerk dat Ridder hom glad nie gaan laat teenhou nie, swaai hy hom behendig in die saal. Hy stuur die perd na die voorkant van die hotel. Daar staan twee ander perde aan die haak voor die hotelkroeg vas. Hulle swaai hulle nekke nuuskierig na agter toe en runnik vir die vreemde perd wat huiwerig aangetrippel kom.

Die flou skynsel van die lamplig val nou oor Paultjie se gelaat. Die jong man lyk nog soos 'n seun, 'n seun van skaars agttien jaar. Sy vel is glad en skoon geskeer, maar daar is 'n verwilderde bang kyk in sy blou oë. Hy het 'n hoed op sy kop, maar 'n stukkie vaal hare steek hier onder sy hoed uit en krul oor sy beswete voorhoof. By sy linkerheup hang 'n rewolwer in 'n ou verslete leerskede. Sy klere is verwaarloos en vuil. Sy hempsmoue is egter hoog opgerol en sy bruingebrande arms is die van 'n jong man in wie daar krag en durf skuil wanneer daar met liggaamskrag gestry moet word.

Net langs die hotel in die halfdonkerte sien Paultjie ineens iets roer en hy hou sy perd in. Binne enkele oomblikke het Paultjie vasgestel dat die ding wat daar roer, 'n perd is en dat die perd besig is om uit 'n krip te vreet. Ridder spits sy ore, en nog voordat sy baas hom daarheen stuur, loop hy vanself soontoe. Paultjie wil sy perd eers

inruk en in 'n ander rigting dwing, maar dan word hy self nuuskierig om te sien of daar nie iets in daardie krip vir sy ou perd in nie.

Die vretende perd in die skaduwees runnik as hy hulle sien nader kom, maar dit is 'n runnik van verwelkoming. By die krip klim Paultjie van Ridder se rug af. Die getroue ou dier is so gulsig om by die droë lusern te kom dat hy Paultjie amper omdruk. Paultjie laat hom maar begaan. Die hele krip lê tog vol voer. Dit is gans te veel vir een perd. Miskien is die ander perd die hotel se eiendom en miskien sal hulle dit nie eens agterkom as Ridder 'n paar bekke vol uit die krip vreet nie. Paultjie skud sy kop en lag onderlangs vir die manier waarop Ridder aan die heerlike voer smul.

Hy draai stadig van die krip af weg, want hy het iemand hier op die hotelstoep hoor lag. Miskien is dit nou sy kans om iemand te vra om hom te sê waar hy Giel Westerhuys te spreek kan kry. Miskien is die man se plaas tog nie so ver nie en miskien kan hy genoeg moed bymekaar skraap om daarheen te gaan. Gelukkig het sy ouma hom 'n brief aan die vreemdeling gegee, sodat dit tog nie so moeilik sal gaan om kontak met die boer te maak nie.

Hy stap vinnig uit die skaduwees en beweeg na die stoep. Hy kom onder die lamppaal verby en dan sien hy die twee mense op die hoë stoep. Dit is 'n meisie en 'n man, 'n lang man met breë skouers, maar Paultjie merk dadelik dat die man nie veel ouer as hy kan wees nie. Op hierdie oomblik voel Paultjie met sy melkbaard en vuil klere nogal ouer as die jong man op die stoep, wat met die meisie hand om die lyf staan.

Die flouerige lig van die lamp laat die twee mense se gesigte bleek lyk, maar selfs in hierdie onsekere lig merk Paultjie op dat die meisie mooi is. Sy het donkerrooi hare en daardie oë van haar is blou. Dit is nie nodig om haar in die volle daglig te aanskou om dit te kan agterkom nie.



Paultjie lig sy hoed lomp en stoot sy kuif reg en dan groet hy :

„Goeie naand . . . Goeie naand. Ek . . . ek is jammer maar wou net weet of julle my kan sê waar oom Giel Westerhuys bly?"

Die man kom orent en sy hand gly van die meisie af terug. Vir 'n oomblik betrag hy die stofbelaaide figuur hier onder hom. Die meisie praat eerste.

„Seker. Sy plaas is langs die rivier, twee myl van hier af, maar ek twyfel of jy dit sal kry as jy die ongewing nie goed ken nie."

Paultjie hanteer sy hoed lomp. Voordat hy iets kan terug antwoord, praat die man langs die meisie.

„Giel Westerhuys? Is jy . . . is jy familie van hom?"

Die meisie kyk onthuts op.

„Is dit nodig om hom so uit te vra, Hermie?" berispe sy hom.

Sy sien egter dat die jong man met die hoed in sy hand breed glimlag, en Paultjie verlos Hermie Swiegers uit sy verleentheid.

„Verskoon tog. My naam is Paul Combrinck. Ek . . . ek is nie familie van oom Giel Westerhuys nie, maar my ouma ken hom. Ek het 'n boodskap van haar vir hom. Ek . . ."

Toe Paultjie begin stotter, is Hermie weer by met 'n vraag :

„Waar kom jy vandaan, Combrinck?"

Paul Combrinck kyk verskonend na sy klere en dan antwoord hy :

„Ek is van die Karoo. Reis al drie dae."

Nou is dit die meisie langs Hermie Swiegers, Reinette Jancke, wat uitroep :

„Maar dan moet jy doodmoeg, honger en dors wees!"

Paultjie vee selfbewus oor sy deurmekaar vaal hare.

„Ek is moeg, ja, en sal graag gou by oom Giel wil uitkom. My perd . . . het ook versorging nodig."

Hermie Swiegers kyk die jong man nog steeds ondersoekend en agterdogtig aan. Paultjie hou nie van die manier waarop hy hom aangluur nie. Hermie begin die jong man beduie, maar nou is Paultjie ineens te verward om Hermie te volg. Hy het die geur van gebraaide ribbetjie gekry, en nou is dit asof hy skoon van sy sinne beroof word. Toe Hermie klaar gepraat het, weet hy nie eens presies in watter rigting hy moet ry nie Hy staan dus vir 'n oomblik weifelend stil en wonder of daardie heerlike braaivleisgeur van die hotelkombuis af kom. Eindelik besef hy dat hy Hermie moet bedank.

„Dankie . . . dankie . . . Ek dink ek sal die plek kry. Dit sal nie te moeilik wees nie."

Hy wil omdraai, maar dan het die meisie weer iets te sê.

„Dit is nog nie halftien nie. Ek is seker dat as jy hier vertoef, jy oom Giel hier sal teenkom. Hy kom elke aand hierheen. Ek sal nie verbaas wees as hy nou in die kroeg is nie, nie waar nie, Hermie?"

Hermie knik sy hoof.

Weer het Paultjie nie dadelik 'n antwoord nie. Hy hou nie van die manier waarop Hermie hom ondersoekend aanstaar nie.

„Wel, dan sal ek maar 'n rukkie hier ronddraai, dankie. Miskien sien ek hom."

Hy draai nou vinnig om, want hy is nie lus om langer in die twee se geselskap te vertoef nie, maar weer is dit die meisie wat hom vriendelik agterna roep :

„Gaan nou kroeg toe! Dalk is hy daar! Jy kan daar heerlik sit en uitrus. Ek kan sien dat jy moeg is."

„Doen dit gerus. Dit sal baie beter wees as om hier buite te wag," kom dit nou ook van die slank jong man op die stoep by die meisie. „Dit is my hotel, en as jy eetkamer toe wil gaan, sal die kroegman jou wys hoe om te loop."

Die woord eetkamer tower baie beelde in Paultjie op. Sy maag raas van hongerte. Soos hy nou voel, wonder hy of hierdie hotel genoeg kos het om sy honger te stil.



Hy steek vas en kyk weer na die twee daar op die stoep. Dit verbaas hom om te hoor dat die jong man daar by die meisie die eienaar van hierdie hotel is. Dit beteken dan seker dat die meisie langs hom nie meer 'n meisie is nie, maar 'n vrou, sy vrou.

„Die swaaideure is daar by jou," beduie Hermie. „Jy sal 'n gesellige komp daar binne vind, en dalk is daar een wat bereid is om saam met jou tot by oom Giel se plaas te ry."

Paultjie druk sy hoed vinnig op sy kop, gryp hom dan weer af en stap op die swaaideur af, druk dit oop en aarsel bang in die deur.

Hier is baie mense in die groot vertrek. Die meeste staan by die toonbank, maar daar is ander wat by die tafeltjies in die vertrek sit. Daar is 'n paar vroue ook. Hy kyk 'n slag af na sy stofbevuilde klere en hy voel selfbewus, maar hy gaan maar in, skoorvoetend. Hy weet nie waar hy moet neersink nie. Sy bene voel ineens moeg en hy voel self tam . . . en die honger! Dit grom in sy maag.

Nou voel dit of alle oë op hom gerig is. Agter die toonbank is daar twee mans wat hom aangluur. Dit is die eerste keer dat hy in 'n drinkplek kom, en nou voel hy ineens of hy vinnig wil uithardloop, maar voordat hy sy gedagtes in dade kan omsit, roep een van die kroegmanne hom vriendelik nader. Hermie Swiegers, die een-en-twintig jarige eienaar van die hotel, het hulle geleer om vreemdelinge vriendelik te behandel, al het hy so flussies self nie baie gasvry en vriendelik teenoor die vreemde jong man opgetree nie.

„Kom maar hierheen . . . Kom maar hierheen. Jy lyk moeg. Hier is baie staanplek by die krip. Kom verkoel die innerlike mens."

Paultjie draai soontoe, maar hy weet dat hy geen stuiwer besit om een lekseltjie drank te kan koop nie. Hy sal maar water moet vra en hulle dan sommer dadelik

laat weet dat hy maar net vir iemand soek. Sy ore is rooi toe hy teen die kroegtoonbank aan loop. Hy lag selfbewus toe die kroegman vra :

„Wat sal dit wees, moeë reisiger?"

„Net . . . net 'n beker water, Omie. Net 'n beker water."

Hier langs hom skaterlag die mense en Paultjie word nog rooier. Hy voel of hy sommer hier waar hy staan, in die aarde wil insink. Dit is egter weer die kroegman met sy vriendelikheid, wat verhoed dat hy sommer dadelik omdraai en terughardloop.

„Seker . . . seker, ou seun. Laat die ander maar gerus lag. As mens 'n dag of twee in stof en wind deur die woestyn gereis het, voel jy nie lus vir brandewyn en bier nie. Daardie goed maak jou nog dorser, en daar is net een ding wat bedoel is om jou dors te les, en dit is water."

Die kroegman stoot 'n groot bierbeker vol water voor Paultjie, en daar is weer heelparty oë op hom gerig. Hy neem die beker egter gretig en dan slurp by die water gulsig weg. Langs hom vra 'n ouerige man nuuskierig :

„Ek wed jy is nie van hierdie kontrei nie. Waar kom jy vandaan?"

„Ek is reeds drie dae op pad . . . Ek kom van die Karoo. Dit is omtrent tweehonderd myl van hier af, Vanwyksvlei."

Paultjie plak die beker voor hom neer en dan vee hy sy lippe met die agterkant van sy hand af. Die omie fluit hier langs hom.

„Jy alleen . . . daar van Vanwyksvlei af? Seun, maar jy kom ver! Waar gaan jy heen?"

Die kroegman is nou ook baie geïnteresseerd.

„Wel, ek het hierheen gekom, Soethunker toe. Ek hoop . . . ek hoop om by oom Giel Westerhuys te werk. Ek het 'n brief in my sak . . ."

Skielik hoor Paultjie hoe die ouerige man langs hom sy asem vinnig intrek.



„Giel Westerhuys, die rykste man in die hele Noordweste! Ja-nee," lag hy, „jy sal gelukkig wees om vir hom te kan werk."

Die kroegman kyk hom nou vas in sy oë.

„Jy familie van Giel Westerhuys?"

Paultjie frons. Dit is die tweede man wat hom hierdie vraag so snaaks stel.

„Nee, ek is nie. Moet mens juis familie van hom wees om deur hom in diens geneem te word? Ek het 'n briefie van 'n ou bekende van hom. Dit is al."

„Wel, Westerhuys neem 'n man nie sommer in diens nie. Hy het ses wat vir hom werk, maar hy gaan haal sy manne altyd op 'n ander plek. Almal is dodelik vinnig met 'n rewolwer."

Paultjie glimlag vir die eerste keer. As hulle van manne praat wat vinnig met rewolwers is, praat hulle so in sy kraal. In die hele middeldeel van Kaapland is daar geen sekuurder skut as hy nie, en Paultjie het nog altyd gewens om die geleentheid te kry om sy behendigheid met 'n rewolwer hier in die Noordweste te kom uittoets.

„Ek reken ek is vinnig genoeg om met die beste manne van oom Giel te kompeteer," kom dit kordaat van die vreemdeling, en vir 'n oomblik is sy skugterheid vergete.

Die manne wat hom gehoor het, skater dit uit van die lag.

Hierdie keer lag Paultjie saam.

„Hoor hier, jy is seker nie baie ouer as agttien nie, seun?" sê-vra die oubaas hier langs hom.

„Oom is verkeerd. Ek is byna een-en-twintig," antwoord Paultjie.

„En jy het nog nie eens behoorlik baard nie," kom dit weer spottend van die ouer man.

„Dit is maar 'n kwaal van ons Combrincks, Oom," antwoord Paultjie nou veel meer op sy gemak as netnou.

Dit lag en gesels nou deurmekaar en 'n jonger man kom nader en nooi Paultjie :